



# ONS HAANTJIE

Nr 71/ Augustus 2002

## Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Wingerd 205  
Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
Villiersdorp  
6848

Tel en Faks: (028) 840 0113

E-pos: [olivier@henning.org](mailto:olivier@henning.org)

### Henning Nasate in Noorweë

Op 11 Junie 2002 ontvang Bondsekretaris, Olivier Henning die volgende e-pos van 'n persoon, Bjarne Fowels-Landmark uit Noorweë:



Dominee Bjarne Fowels-Landmark \* 13-4-1940 van Hjelmeland, Noorweë wat 'n afstammeling van een van ons Henning families is

*Found your excellent page on internet. I am also a descendant of the Pieter Hendrik Henning. His son Gert Frans Henning and w. Gerbreg Leviena Oliver got Olivier J.G.C. Henning. Olivier and wife Cornelia Susanna got Martha Johanna Elizabeth Henning, who married Herman Zurich. He is my great-grandfather. I have been dominee at the Noorse seemanskerk in Durban 1972-80. Now I am trying to get more info about ZAREFNO: b7.c8.d1 Herman Zurich, b. 1/1 1858, m. 10/12 1877 Martha Johanna Elizabeth Henning. Do you know WHERE Herman is born? What is the name of his parents?? I am grateful for a reply. I have written some family history and would not mind sharing it with you,*

since you might not be aware of this branch in Norway. We have the same Henning Coat of Arms, but in an older version.

Sincerely yours Bjarne Fowels-Landmark, N-4130 Hjelmeland, Noorwee.

Ph. (047)51750254



**Wilhelmina Catharina Zurich \* 23-10-1880 (die dogter van Herman Zurich en Martha Henning b7.c8.d1.) Sy is eers met James Fowels getroud en daarna met die Noorweër Michael Olaus Landmark. Regs is 'n foto van haar twee kinders by haar eerste man, maar wat in Noorweë die van Fowels-Landmark aangeneem het: Lewis Basil \*4-3-1906 en sy suster Iris \*26-8-1908**

Die persoon, Olivier J G C Henning waarna Bjarne verwys, se genealogiese nommer in die Henning geslagsregister is natuurlik b7.c8. Olivier Johannes Gerhardus Cornelis Henning \* 1-12-1834 . Sy oudste dogter Martha Johanna Elizabeth \* 26-8-1857 is met Herman Zurich getroud.

Bondsekretaris, Olivier Henning is natuurlik self 'n nasaat van die mense waarna Bjarne verwys. Hy kon dus volledige gegewens oor Bjarne se Henning voorsate aan hom verskaf. Soos die geluk dit wil hê het Olivier ook tydens sy navorsing (heel toevallig en sonder enige rede) heelwat notas

gemaak oor die Zurich familie, met wie Martha Henning ondertrou het. Hy kon dus vir Bjarne ook hier baie behulpzaam wees.

Herman Zurich \* 1858, die man van Martha Henning se ouers, Willem Hendrik Zurich en sy vrou Wilhelmina Catharina Heyblom het gedurende 1857 vanaf Nijmegen in Nederland na die Republiek van die Oranje Vrystaat emigreer. Albei was onderwysers en het in die nuwe Boererepubliek gaan skoolhou. Hul oudste seun, Herman het later in Aliwal-Noord beland, waar hy sy toekomstige vrou, Martha Henning ontmoet het. Hulle het hul in die Lady Grey distrik gevestig en het elf kinders gehad.

Sedert Bjarne se eerste brief het hy en Olivier byna daaglik gekorrespondeer om gegewens uit te ruil. Op 'n stadium het Olivier vir Bjarne laat weet dat die Henning Familiechroniek slegs in Afrikaans geskryf is, waarop Bjarne as volg geantwoord het:

*Hello again,*

*I have today sent by airmail one envelope with my life story from Willem Henrik Zurich to my children. Forgot to add my youngest daughter, Sunniva Fowels HOLBERG and her husband "Dominee" Bjørn Inge Holberg got a daughter March 19th 2002. She will be baptized next month and we call her Bodil Elise. Bjørn Inge is employed for YMCA. Could you make a note of it?*

*I have got much more family history, where I follow the various other family members. That is not not included.*

*Do not underestimate my Afrikaans knowledge. The language is not so different from Dutch and Norwegian. (: It only takes a little more time to read - sometimes. Language is not an obstacle, but a challenge.*

'n Verdere brief sluit hy af met: *Again baie dankie vir alles. Groete.*

(So 'n bek moet mos “jem” kry!! )

Bjarne se ouma, Wilhelmina Catharina Zurich (die dogter van Herman Zurich en Martha Henning) was eers met 'n Ier James Fowels getroud en hulle het in Oos-Londen gewoon. Gedurende 1922 is sy geskei en weer getroud met 'n Noorweegse skeepskaptein Michael Olaus Landmark. Sy is kort na hulle troue saam met hom en haar twee kinders (Bjarne se pa en tante) terug Noorweë toe.

Bjarne Fowels-Landmark is 'n predikant in die Noorweegse Lutherse Kerk. Hy het 'n baie interessante loopbaan gehad. Kort na sy bevestiging as predikant gedurende 1968, het hy sy Nasionale Dienspelig as 'n kapelaan gedoen by die Lugmag Tegniese skool, Kjevnik. Daarna dien hy as kapelaan by die Noorweegse Seemanskerk te Rotterdam, Nederland, die Noorweegse Seemanskerk in Liverpool, Brittanje en die gemeente in Durban (1972 tot 1980). Hierna dien hy as predikant in Bygland, Noorweë en vir twee maande in 1989 as een van die Verenigde Nasies se Verkiesing Monitors (UNTAG) in Suid-Wes Afrika/ Namibië. Hy dien ook gedurende 1992/93 as 'n Leërkapelaan (met rang Kaptein) vir die Noorweegse Kompanie in Lebanon. **BJARNE HET OOK NOU BY DIE FAMILIEBOND AANGESLUIT EN ONS WIL HOM VAN HARTE VERWELKOM!!**

'n Wakis wat aan Martha Henning (getroud Zurich) \*26-8-1857 behoort het, is vandag die eiendom van Olivier Henning se suster, Sylvia (getroud Grobler) van Randburg. Dan het Olivier ook nou ontdek dat sy pa, wyle oom Len Henning se tweede vrou, Joan, wie se nooiensvan Baker was, se ma 'n dogter was van Herman Zurich en Martha Henning — sy was dus sy kleiniggie.

Intussen het 'n Nederlander, Guido Zuuring van Bommel, Nederland ook kontak met Olivier gehad, hoofsaaklik oor die Zurich familie, maar hy kon vir ons heelwat nuwe gegewens oor Herman en Martha Zurich verskaf, wat waardevol vir ons Henning geskiedskrywing ook is.

Guido sê onder andere “*Ik vindt het leuk om kontakt te hebben met jou*” en dan verder in sy brief “*Ik heb bijgesloten de genealogie van de familie die ons nu bekend is, en daarin zie je ook de sprong naar Zuid-Afrika. Ik ben geïnteresseerd in alles rondom de familie Zurich, data, verhalen etc. Een groot deel heb ik al ontvangen van Bjarne*



**Guido Zuuring van Bommel, Nederland wat vir ons heelwat nuwe gegewens oor Herman en Martha Zurich (gebore Henning) kon verskaf**

*Fowels-Landmark en daar ben ik heel blij mee. Geweldig van hem. En zo grappig dat je weer via Noorwegen in Zuid-Afrika komt”*



Joachim Henning van Swede saam met die “James Bond” aktrise Maud Adams


## “James Bond” Henning

In die vorige Nuusbrief het ons berig oor Joachim Henning van Swede wat die Henning Webwerf op Internet besoek en daarna met ons in verbinding was. Joachim het onder andere 'n stel Henning mansjetknope bestel en is baie ingenome daarmee. Hy het nou vir ons 'n foto van homself, saam met die bekende Sweedse aktrise, Maud Adams gestuur. Maud Adams is veral bekend vir haar optredes in die twee James Bond rolprente, *Octopussy* en *The Man with the Golden Gun*

## Vereeniging se Hennings

Marthie Bredenkamp van Sinoville, Pretoria, wat die sekretaresse van die Bredenkamp Familiebond is, maar wie se ma 'n nooi Henning was, het onlangs 'n groot hoeveelheid nuwe gewens en foto's ten opsigte van haar familie vir ons gestuur.

Marthie se ma is b9.c1.d2.e1.f6.g3. Martha Louisa Henning \*27-9-1930 (getroud Strydom). Haar Henning voorsate het gedurende die laaste dekades van die negentiende eeu en die grootste gedeelte van die twintigste eeu almal in die omgewing van die huidige Vereeniging en Meyerton gewoon. Ons publiseer graag so 'n paar van die foto's wat Marthie vir ons gestuur het.



b9.c1.d2.e1. Pieter Hendrik Henning \* Feb 1870 wat op die plaas Slangfontein, Meyerton geboer het



b9.c1.d2.e1.f6. Pieter David Hendrik Stephanus Henning \* 1-1-1906 en sy eerste vrou Martha Louisa Laubscher \* 11-6-1911. Sy het gedurende WO II in 'n bomfabriek gewerk, waar die foto geneem is





**Oom Jan en tant Sarie Henning  
van Lyttelton, Centurion**

sy eie daarvoor verantwoordelik

## **Oom Jan Henning 80!**

b1.c3.d2.e2.f2.g1. Jan Hendrik Henning \* 3-2-1922 van Unielaan 40, Lyttelton, Centurion wat vir baie jare op die bestuur van die Familiebond gedien het, het op 3 Februarie vanjaar 80 jaar oud geword. Oom Jan self geniet nog redelike goeie gesondheid. Ongelukkig kan dieselfde nie van sy liewe eggenote, Sarie, gesê word nie. Sy het voltydse versorging nodig. Gelukkig kan oom Jan se dogter, Johanna bedags help hiermee, maar snags is oom Jan maar op

## **50-Jaar Getroud**



**b5.c1.d3.e1.f7.g1. Jan Andries Henning en sy vrou Elsie op hul 50-ste troudag herdenking. As nie een van die twee na 50 jaar 'n grys haar op die kop het nie, moet dit mos goed gaan**

Toe die Familiebond op 'n aangename winters middag in Julie 1984 aan huis van Olivier Henning gestig is, is die “jeugdige” b5.c1.d3.e1.f7.g1. Brigadier Jan Andries Henning \* 1-4-1929 as eerste Voorsitter van die Familiebond verkies. Die tyd het intussen so 'n bietjie aangestap en die einste Jan en sy vrou Elsie was op 3 Mei 2002 vyftig jaar lank getroud. Oom Jan sê dat die mediese mense sedertdien heelwat moes hamer en timmer om hulle albei aan die gang te hou, maar andersins gaan dit goed met hulle en is alles aan die genade van die Here te danke

## **Donasies en Ledegelde**

Baie dankie aan al ons lede wat jaarliks ledegelde betaal en wat hul bydraes vir 2002 reeds aangestuur het. Dit blyk dat ons lede besef dat inflasie die Familiebond ook maar sleg tref, want die meerderheid lede het bydraes aangestuur wat wissel tussen R60.00 en R200.00.

Ons wil ook 'n besondere woord van dank uitspreek teenoor die volgende Lewenslange Lede en Erelede wat ook vir ons ruim donasies aangestuur het:

b1.c3.d10.e10.f1.g2. Chris Henning en sy seun Gerhard van die plaas Bergen, in die Tsumeb distrik in Namibië, wat albei Lewenslange Lede is, het vir ons 'n donasie van R1 000.00 gestuur.

Die 84 jarige Tannie Daphné Harker (b7.c8.d8.e8) van Durban, wat 'n Erelid is, het vir ons 'n donasie van R200.00 gestuur.

Ons wil graag 'n vriendelike beroep doen op al ons lede, wat nog geen bydrae vir 2002 gelewer het nie, om so spoedig moontlik hul bydraes aan te stuur — dit geld ook vir Lewenslange Lede en Erelede wat voel dat hulle ook in staat is om 'n bydrae vir die jaar te lewer.

Diegene wat hul bydraes direk na ons bankrekening wil oorplaas, word vriendelik versoek om seker te maak dat hul **lidmaatskapnommer** as verwysing op die deposito aangebring word. Daarsonder is dit baie moeilik om te bepaal van wie af die bydrae gekom het. Die Familiebond se bank besonderhede is as volg: Henning Familiebond, ABSA Bank Villiersdorp, Tak-nommer 334-612, Rekeningnommer 2890 610 423. (U lidmaatskap nommer word langs u naam op die koevert waarin hierdie Nuusbrief gestuur is, verstrek)



Sou dit nie wonderlik gewees het as die Henning Familiebond finansiël so sterk was dat dit, soos die Myburgh Familiebond, in staat was om jaarliks beurse toe te ken aan belowende Henning jongmense, wat verder wil studeer. In hierdie tye waar ons Henning jong mense vir bykans geen beurse meer in aanmerking kom nie, is dit die enigste wyse waarop óns jong mense gehelp kan word. Om beurse ter waarde van R20 000.00 per jaar toe te ken, sou 'n belegging van minstens R200 000.00 nodig wees. SEKERLIK NIE ONMOONTLIK VIR DIE HENNING FAMILIE NIE! Ons wil dus 'n beroep doen op al ons Hennings om daaraan te dink om die Familiebond 'n begustigde te maak in hulle testament. Enigiemand wat die leiding in hierdie verband wil

neem, word genooi om met Bondsekreteraris, Olivier Henning in verbinding te tree om die beleidsraamwerk en voorskrifte vir so 'n beurskema van die grond af te kry.

## Afsterwe van Hennings

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van die volgende Hennings:

b1.c3.d2.e2.f1.g1. Jan Victor Henning \* 25-6-1908 van die AGS Tehuis vir Bejaardes in Pretoria wat op 18 Mei 2002 oorlede is in die ouderdom van 93 jaar en 11 maande. Oom Jan Victor was vir baie jare 'n pastoor in die AGS Kerk. Sy vader, Johannes Gerhardus Henning was ook 'n voltydse leraar in die AGS Kerk en sy seun Johannes Gerhardus (Hansie) is tans nog 'n voltydse leraar. Drie geslagte van hierdie familie het dus agtereenvolgens as leraars in diens van die AGS Kerk gedien ..... 'n merkwaardige en wonderlike prestasie!



**b1.c3.d2.e2.f1.g1. Pastoor Jan Victor Henning \* 25-6-1908 saam met sy drie seuns, Hansie, Danie en Clarence op sy 90ste verjaardag**



**b10.c6.d3.e3.f2. Eugene Johannes Henning \* 17-11-1940 van Jeffriesbaai wat onlangs oorlede is**

b6.c1.d1.e24.f1. Gertruida Susanna Van Staden (gebore Henning) \* 22-12-1923 is op 28 April 2002 te Germiston oorlede in die ouderdom van 78 jaar en vier maande aan kanker. Dit is interessant om daarop te let dat Tannie Babs se vader die vier-en-twintigste kind van sy pa was! Tannie Babs se oupa, b6.c1.d1. Willem Frederik Henning \* 27-6-1827 was die Henning wat die meeste kinders gehad het — 'n volle 25! Hy was darem vier keer getroud en het kinders by al vier vrouens gehad.

b10.c6.d3.e3.f2. Eugene Johannes Henning \* 17-11-1940 van Noorsekloof, Jeffriesbaai is op 26 Augustus 2001 oorlede in die ouderdom van 60 jaar en nege maande.

familiekring plaasvind en wil weereens 'n ernstige beroep op almal doen om hierdie gewens vir ons deur te gee. Waar moontlik, stuur asseblief ook 'n geskikte foto saam.

## Menings van ons Lede

Die bestuur van die Familiebond het op 8 Junie 2002 byeengekom. Tydens die vergadering is besluit om die menings van ons lede oor 'n hele paar aangeleenthede te toets. U word dus vriendelik versoek om die meegaande vraelys in te vul en aan ons terug te stuur:

1. U het kennis geneem dat ons die naam van ons Nuusbrief verander het na “**Ons Haantjie**” weens die feit dat die naam Henning in die ou Baltiese dialek, waarin die naam ontstaan het, *haantjie* beteken — seun van haan..... dus wat noem ons 'n jong haan..... 'n haantjie. Dit was die bynaam van Johannes se seun. Wat is mooier as 'n parmantige, op-en-wakker kapokhaantjie! en waarom sou ons nie trots op so 'n vergelyking wees nie. Ons was van mening dat daar reeds baie duidelik op die Nuusbrief aangedui word dat dit die nuusbrief van die Henning Familiebond is.



'n Paar lede het aangedui dat hulle die nuwe naam verfrissend ervaar. Daar was egter ook lede wat aangedui het dat hulle nie van die naam hou nie. Ons versoek dus al ons lede om aan te dui hoe hulle die naam *Ons Haantjie* ervaar.

2. In die vorige Nuusbrief het ons 'n opname gemaak van lede wat belangstel in 'n nuwe uitgawe van die Henning Familiekroniek. Slegs 15 lede het aangedui dat hulle in 'n nuwe uitgawe belangstel. Indien dit die enigste mense is wat in die boek belangstel, beteken dit dat dit nie vir ons lonend sal wees om nou 'n herdruk te beplan nie. Ons gee dus weer geleentheid aan ons lede om aan te dui of hulle in 'n nuwe uitgawe van die Familiekroniek belangstel.
3. Ons is ook druk besig om 'n rekenaar laserskyf (CD) met die Familiekroniek voor te berei — met baie meer inligting in as die boek. Dit moet in die formaat van 'n webblad gedoen word, om te verseker dat alle rekenaargebruikers dit sal kan gebruik. Dui asseblief vir ons aan of u in so 'n laserskyf belangstel.
4. Lede wat oor e-pos fasiliteite beskik, moet asseblief vir ons aandui of hulle die Nuusbrief per e-pos wil ontvang, in plaas van 'n papier kopie. Hou asseblief in gedagte dat daar normaalweg heelwat foto's in die Nuusbrief verskyn, wat meebring dat die lêer baie groot is en dus baie lank neem om af te laai, wat weer addisionele telefoonkoste in die hand werk.